**Tema:** Ons is almal lede van die liggaam van Christus.
**Skriflesing:** 1 Korintiërs 12:12–31

**Inleiding**

Ons leef in ’n tyd waarin die kollig maklik op die individu val. Op sosiale media, in sport, in die werkplek en selfs in die kerk vra ons soms:
Wie doen die meeste?
Wie staan voor?
Wie word raakgesien?
En in die meeste gevalle by die erediens is dit die dominee.

Ons leef in ‘n tyd van individualisme. Die kollig val op: “me, myself and I.” Solank ek reg is, is die wêreld reg.

Maar wanneer Paulus oor die kerk praat, skuif hy doelbewus die kollig weg van die enkeling en plaas dit op die gemeente. Die kerk is nie ’n verhoog met een of twee sterre nie, maar ’n liggaam waar elke lid ’n noodsaaklike rol speel.

Ons is baie lede, (1 519 lidmate op ons boeke) maar net een liggaam. Die een liggaam van Christus. Ons lees in 1 Korintiërs 12:12: “Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus.”
In Kolossense 3:11 staan daar: “Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.”

Ons is gevul met een Gees. Daarvan lees ons in 1 Korintiërs 12:13: “Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.”

Ons as kerk word nie bymekaar gehou deur dieselfde taal of status, dieselfde kultuur, dieselfde musieksmaak en dieselfde ouderdom of voorkeur nie, maar deur ons verbondenheid aan Christus en deur die Heilige Gees.

As die een liggaam van Christus is ons nie eenders nie. En dit is God se plan. Die Heilige Gees rus elkeen van ons toe met ten minste een of meer gawes.

Soos verskillende liggaamsdele, verskil ons van mekaar.
Soos verskillende liggaamsdele, is ons onmisbaar vir mekaar. (1 Korintiërs 12:14–21)
Hier is mense wat, soos die apostels, deel was van die stigting van die gemeente.
Hier is voete wat uitgaan en daarbuite mense gaan dien.
Hier is hande wat mense vashou en daadwerklik ‘n verskil maak in die wêreld.
Hier is ore wat God se plan en wil hoor.
Hier is oë wat sien.
Hier is monde wat praat soos die profete en leraars. Hulle bou die gemeente op deur ander uit die Bybel te leer.

Hier is gawes van hulpverlening.
Hier is mense wat spesiale kragtige dinge doen, soos om mense gesond te maak.
Hier is helpers wat hulle help wat hulp nodig het.
Hier is mense wat sorg dat gemeentebedrywighede vlot verloop en ander wat in spesiale tale praat.

Die een is nie belangriker as die ander nie. Elkeen het sy of haar Godgegewe plek, hul werk en doel.

Almal is noodsaaklik. Almal is onmisbaar. Almal is deel van die gemeente as liggaam van Christus.

Ek kan verkeerd wees, maar ek dink ons het ‘n ander probleem as die gemeente in Korinte. Hier het mense gedink dat hulle gawe belangriker is as die ander s’n. Veral van hulle wat in tale gespreek het, het gedink dat hulle gawe belangriker is as die ander gawes.

Ek dink dat ons te min van onsself dink. Hier is ‘n paar van die verskonings wat ek al gehoor het. “Ek doen nie eintlik so baie nie, die ander mense is belangriker.” “My bydrae is so klein. Dit maak nie regtig ’n verskil nie.” “Hier is mense met groter en sigbaarder gawes. Ek het niks om by te dra nie.” “Wie is ek nou eintlik?” en “Ek het nie so lank soos die dominee geleer nie.”

Paulus sê onomwonde dat elkeen van hierdie verskonings ’n leuen is.

Selfs die dele wat ons selde raaksien of oor praat, is lewensnoodsaaklik.

Die kollig val in die erediens so maklik op die predikant of “band” of orrelis, die mense wat voorstaan of voorgaan.
Maar vanoggend by hierdie erediens, wat van:

- die mense wat gesorg het dat die kerkgebou reg en skoon is en hier blomme is?
- hulle wat sorg dat die koffie en tee reg is?
- hulle wat daar agter by die tegnologie werk?
- hulle wat gefokus gebid het en steeds bid vir die erediens?
- die kleuterkerk leiers en jeugmentors?
- hulle wat omgee vir ’n eensame lidmaat en die persoon saamgebring het?
- hulle wat die dankoffer opneem, tel en veilig bêre?
- en baie mense wat oor die jare getrou diens doen sonder erkenning?

In die kerk van die Here, is niemand belangriker of onbelangrikers as ‘n ander nie.

In die kerk, as liggaam van Christus, kan ons nie sonder mekaar funksioneer nie. Ons lees in 1 Korintiërs 12:21: “Die oog kan nie vir die hand sê: “Ek het jou nie nodig nie.” Die kop kan weer nie vir die voete sê: “Ek het julle nie nodig nie.”
God het jou hier geplaas. Hy het jou hier nodig.

- Jou teenwoordigheid maak saak.
- Jou betrokkenheid is lewensbelangrik.

- Jou gawe maak ‘n verskil.
  “Lê julle toe op die beste genadegawes.” (1 Korintiërs 12:31)

Hier en nou is ons elkeen deel van die liggaam van Christus.
Die een praat goed, die een het musiektalent, die een tegniese vaardigheid of finansiële kundigheid, of organisasievermoë, of ‘n slag met mense, kan eiendomme instandhou of koffie of tee maak en so kan ek aangaan. Ons, as liggaam v Christus, loop eers op alle silinders wanneer 1 500+ mense elkeen sy of haar Godgegewe gawe of gawes gebruik.
Amen